



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GEOGRAFIE V1**

**FEBRUARIE/MAART 2012**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 300**

**Hierdie memorandum bestaan uit 16 bladsye.**

**AFDELING A****VRAAG 1**

1.1	1.1.1	Subtropiese gordel (2)		
	1.1.2	ITKS (2)		
	1.1.3	Coriolis (2)		
	1.1.4	Westewinde (2)		
	1.1.5	Hadley (2)	(5 x 2)	(10)
1.2	1.2.1	Oppervlakovloei (2)		
	1.2.2	Waterskeiding (2)		
	1.2.3	Grondwater/Korswater (2)		
	1.2.4	Riviermonding (2)		
	1.2.5	Interfluviale rif/Tussenstroomse skeiding (2)	(5 x 2)	(10)
1.3	1.3.1	Dit is 'n sone tussen twee lugmassas met verskillende voginhoud	(1 x 2)	(2)
	1.3.2	A is die suidwestewind (2)		
		B is die noordoostewind (2)	(2 x 2)	(4)
	1.3.3	A is koud (2)		
		B is warm (2)	(2 x 2)	(4)
	1.3.4	A ontstaan vanuit die Atlantiese Oseaan wat koud is (2)		
		B ontstaan vanuit die Indiese Oseaan wat warm is (2)	(2 x 2)	(4)
	1.3.5	Die koue, droë suidwestewind en die warm noordoostewind konvergeer (kom byeen) by die vogfront (2) Die koue, droë suidwestewind daal, terwyl die warm, vogtige lug styg langs die front (2) Lug sal daarom afkoel en kondenseer om cumulonimbus wolke te vorm, wat sal lei tot swaar reënval langs die front (2) [Enige DRIE]	(3 x 2)	(6)
	1.3.6	Veroorsaak vloede wat gewasse sal wegspoel (2) Saam met hael wat gewasse kan beskadig (2) Weerlig kan vuur laat ontstaan (2) [Enige TWEE]	(2 x 2)	(4)

1.4	1.4.1	Moesonwind (2)	(1 x 2)	(2)
	1.4.2	Die rigting van die oppervlakwind word omgekeer in winter en somer (2) Die wind kom voor in die warm (somer) en koue (winter) seisoen(2) Afgelei van die Arabiese woord 'mausim', wat seisoen beteken (2) [Enige EEN]	(1 x 2)	(2)
	1.4.3	Somer (2)	(1 x 2)	(2)
	1.4.4	Aankoms: lei tot vloedtoestande (2) lei tot verdrinkings (2) lei tot vernietiging van infrastruktuur (2) lei tot verlies aan persoonlike besittings (2) lei tot verspreiding van siektes (2)  Laat aankoms: afwesigheid van broodnodige reën (2) Veroorsaak droogtes (2) Gewasse sal doodgaan (2) Veevrektes (2) Afname in voedselproduksie (2) hongersnood (2) negatiewe impak op voedselsekerheid (2) afswaai in ekonomie (2) die geaffekteerde land sal voedsel moet invoer(2) <b>[Enige SES. Kandidate moet verwys na beide dele van die vraag]</b>	(6 x 2)	(12)
1.5	1.5.1	Nie-standhoudende/periodiese/seisoenale (2)	(1 x 2)	(2)
	1.5.2	Derde orde (2)	(1 x 2)	(2)
	1.5.3	Sal afloop verminder (2) Onderskep presipitasie/neerslag (2) Dra by tot die tempo van evapo-transpirasie (2) Wortels van plante neem water op wat deurvloei verminder (2) [Enige TWEE]	(2 x 2)	(4)
	1.5.4	Dendrities (2)	(1 x 2)	(2)
	1.5.5	(a) Waar een rivier water van 'n ander roof en so die grootte van sy dreineerbekken laat toeneem (2)	(1 x 2)	(2)
		(b) Steiler gradiënt (2) Meer reënval (2) Sagter rots/gesteente (2) Laer vloeivlak (2) [Enige TWEE]	(2 x 2)	(4)

		(c) Minder water beskikbaar vir landbou (2)		
		Minder afsetting, daarom afname in grondvrugbaarheid (2)		
		Afname in produksie (2)		
		Ekonomiese afswaai (2)		
		Laer volumes water beskikbaar vir huishoudelike en nywerheidsgebruik (2)		
		Akwatiese (water) organismes gaan dood omdat watervoorsiening verminder word (2)		
		Voedselkettings en voedselwebbe word ontwrig (2)		
		Wanbalans in ekosisteme (2)		
		[Enige TWEE]	(2 x 2)	(4)
1.6	1.6.1	Dwarsprofiel/transversale (2)	(1 x 2)	(2)
	1.6.2	Swaar reën (2)		
		Steil helling (2)		
		Grond bykans versadig (2)		
		Gesteente met lae porositeit (2)		
		Lae graad van permeabiliteit van gesteente (2)		
		Gebrek aan plantegroei (2)		
		[Enige TWEE]	(2 x 2)	(4)
	1.6.3	<b><u>MANIERE WAAROP DIE MENS RIVIEROMGEWINGS WANBESTUUR</u></b>		
		Ontbossing (2)		
		Loslating van riool en nywerheidsafval (2)		
		Oorbesproeiing (2)		
		Meer nedersettings in dreineerbekkens as gevolg van bevolkingstoename (2)		
		Oorverbouing/oorbewerking (2)		
		Oorbeweiding (2)		
		Chemikalieë gebruik in landbou weggespoel deur oppervlakaflow (2)		
		Die bou van damme verminder volume van water verder stroomaf (2)		
		Wanbalans in rivier ekosisteme (2)		
		<b>[Enige SES. Aanvaar ander redelike antwoorde]</b>	(6 x 2)	(12)
				<b>[100]</b>

**VRAAG 2**

2.1	2.1.1	Koue front (2)		
	2.1.2	Cirrus (2)		
	2.1.3	Cumulonimbus (2)		
	2.1.4	Okklusie (2)		
	2.1.5	Warm front (2)	(5 x 2)	(10)
2.2	2.2.1	Stootoewer (2)		
	2.2.2	Gly-oewer (2)		
	2.2.3	Hoefystermeer (2)		
	2.2.4	Slik (2)		
	2.2.5	Vloedvlakte (2)	(5 x 2)	(10)
2.3	2.3.1	Kweekhuisgasse (2)		
		Klimaatverandering (2)		
		Aardverwarming (2)		
		Enige EEN]	(1 x 2)	(2)
	2.3.2	Die korttermyngevolge van klimaatverandering is nie belangrik nie, maar eerder die langtermyngevolge en die oorsaak daarvan (2)		
		Klimaat verandering sal die ekonomie negatief beïnvloed (2)		
		[Enige EEN]	(1 x 2)	(2)
	2.3.3	Stormgolwe/storm deining/storm branding/storm stuwing (2)		
		Tsunami (2)		
		Smelt van ysdekke (2)		
		[Enige EEN]	(1 x 2)	(2)
	2.3.4	Verlies aan gewasse (2)		
		Minder uitvoere (2)		
		Minder buitelandse kapitaal (2)		
		Negatiewe handelsbalans (2)		
		Invoer van landbouprodukte (2)		
		[Enige TWEE]	(2 x 2)	(4)
	2.3.5	<b><u>MAATREËLS OM KLIMAATVERANDERING TE HANTEER</u></b>		
		Gesamentlike poging om kweekhuisvrystellings te verminder (2)		
		Wetgewing om vrystellings te beperk (2)		
		Ondersoek die ekonomiese uitvoerbaarheid van hernieubare bronne van energie (2)		
		Privaat befondsing om hernieubare energie hulbronne te ontwikkel (2)		
		Streng beheer oor vrystellings van afval (metaan) en vervoersektore (fossiel brandstowwe) (2)		
		Voorkom ontbossing (2)		
		Beoefen bosaanplanting vir bome om koolstofdioksied te absorbeer (2)		
		Bevorder volhoubare vorme van landbou (2)		
		Openbare bewusmakingsveldtogte (2)		
		Opvoeding van publiek/in skole (2)		
		<b>[Enige SES. Aanvaar ander redelike antwoorde]</b>	(6 x 2)	(12)

2.4	2.4.1	'n Gebied van hoër temperature in 'n stedelike gebied omring deur laer temperature in die landelike gebiede (2) [Konsep]	(1 x 2)	(2)
	2.4.2	6°C (2)	(1 x 2)	(2)
	2.4.3	Hoë geboue wat veroorsaak dat sonstrale gereflekteer en deflekteer word (2) Kunsmatige materiaal gebruik in die oprigting van geboue wat help om meer hitte vas te vang (2) Meer hitte-genererende aktiwiteite soos restaurante, hotelle, ens. in stede (2) Voertuie en nywerhede verhoog die produksie van besoedelaars wat hitte langer absorbeer en behou (2) Die hoë digtheid van hoë geboue verminder die vloei van lug in die stad en temperature bly hoog (2) Doeltreffende dreineringsstelsel verwyder water vanaf oppervlak vinnig, wat die tempo van evaporasie verminder en veroorsaak dat atmosfeer warm is (2) Huishoudelike verhitingsstelsels (2) Groter bevolking (2) Daar is minder plantegroei, daarom word minder hitte gebruik vir transpirasie en fotosintese (2) Geboue skep 'n groter oppervlakgebied wat verhit word (2) [Enige DRIE]	(3 x 2)	(6)
	2.4.4	Die stad koel af en swaar (digte) lug daal (2) Vloei van lug vanaf die omliggende landelike gebied is nie so sterk (2) Die warm besoedelde lug word verhoed om te ontsnap in die boonste atmosfeer deur die sterk inversietoestande (2) Die besoedelings(stof)koepel of hitte-eiland is sterk ontwikkel (2) Kunsmatige verhitting (2) [Enige TWEE]	(2 x 2)	(4)
	2.4.5	Mense ly aan respiratoriese siektes (2) Allergieë, bv. irritasie van die oë en velaandoenings (2) Hittestres mag lei tot hartkwale wat kan lei tot sterftes onder oumense (2) Rookmis en mis verminder sigbaarheid wat die voorkoms van ongelukke verhoog onder motoriste (2) Meer kondensasie wat meer reënval oor 'n stad veroorsaak en lei tot vloedtoestande en verdrinkings (2) [Enige DRIE. Aanvaar ander redelike antwoorde]	(3 x 2)	(6)

2.5	2.5.1	Hellende strata (2)	(1 x 2)	(2)
	2.5.2	(a) A – Eskarphelling (2) B – Duikhelling (2)	(2 x 2)	(4)
		(b) Hoër hoek van helling (2) Weerstandbiedende gesteente erodeer nie maklik nie (2)	(2 x 2)	(4)
	2.5.3	Wanneer die duikende lae erodeer, voorsien die harder lae minder vrugbare grond (2) Die eskarphelling kan nie vir boerdery gebruik word nie omdat dit te steil is (2) Rûe maak die konstruksie van vervoernetwerke moeilik (2) Steil eskarpe kan vervoerprobleme veroorsaak (2) [Enige TWEE]	(2 x 2)	(4)
	2.5.4	Horisontale strata/lae gevind in die Karoo (2)	(1 x 2)	(2)
2.6	2.6.1	A – Hangkruin (2) B – Hangkrans/eskarphelling (2)	(2 x 2)	(4)
	2.6.2	Gehefde plato ontbloom aan erosie deur lopende water (terugkerwing) (2) Verklein in grootte (opgesny) in groter, losstaande blokke (2) Mesas word gevorm wanneer 'n plato verklein word in grootte as gevolg van erosie deur lopende water (2) Die deklaag word van die kante verklein (2) Terugkerwing kom voor (2) Helling behou die hoogte (2) Parallele terugkerf van helling (2) Uiteindelik is die hoogte van die verskynsel groter as die deursnee (2) [Enige TWEE]	(2 x 2)	(4)
	2.6.3	Die deursnee is groter as die hoogte (2) Dit het steil hellings (2) 'n Harde deklaag beskerm die sagte gesteente daaronder (2) Dit word tipies geassosieer met al vier hangelemente (2) [Enige EEN]	(1 x 2)	(2)
	2.6.4	<b><u>HANGKRANS</u></b> Vertikale hangkrans lok avontuur toeriste (2) Rotsklim en abseil aktiwiteite (2) <b><u>DIE PEDIMENT</u></b> Geleidelike/lae-hoek helling ideaal vir menslike bewoning (2) Maklik om paaie en ander infrastruktuur te bou (2) Boerdery-aktiwiteite op pediment (2) Lae reënval en dun grondlaag in Karoo slegs geskik vir skaap/bokboerdery (2) <b><u>HANGKRUIN</u></b> Weerstandbiedende laag nie geskik vir menslike gebruik (2)		

**PUINHANG**

Geringe menslike gebruik as gevolg van steil hoek en onverweerde materiaal (2)

**LANDSKAP IN ALGEMEEN**

Ideaal vir fotografie (2)

Opname vir water vasgevang in sedimentêre lae (2)

Karoo ideaal vir satellietkottels as gevolg van skoon lug (2)

**[Enige SES. Aanvaar ander redelike gebruike]** (6 x 2) (12)  
**[100]**

**VRAAG 3**

3.1	3.1.1	Konurbasie (2)		
	3.1.2	Hamlet (2)		
	3.1.3	X (2)		
	3.1.4	Sentraleplekteorie (2)		
	3.1.5	Vragverbrekingspunt(2)	(5 x 2)	(10)
3.2	3.2.1	D (Sentralisasie) (2)		
	3.2.2	F (Gauteng/PWV) (2)		
	3.2.3	B (Ongebonde nywerhede) (2)		
	3.2.4	C (Markgeoriënteerde) (2)		
	3.2.5	A (Swaar nywerhede) (2)	(5 x 2)	(10)
3.3	3.3.1	'n Alleenstaande/geïsoleerde plaasopstal (2)		
		'n Plaasopstal weg van ander huise (2)	(2 x 2)	(4)
	3.3.2	Veel groter as buurtwinkelsentrum (2)		
		Naby hoofpaaie/Toeganklikheid (2)		
		Massiewe parkeerplek (2)		
		'n Groot verskeidenheid winkels (2)		
		Baie hoë orde/gespesialiseerde funksies (2)		
		[Enige EEN]	(1 x 2)	(2)
	3.3.3	Pad (2)		
		Gelyk grond (2)		
		Vrugbare grond (2)		
		[Enige EEN]	(1 x 2)	(2)
	3.3.4	Gelyk grond (2)		
		Naby see vir uitvoere/hawe (2)		
		Beskikbaarheid van water (2)		
		[Enige EEN]	(1 x 2)	(2)
	3.3.5	Uitbreiding van stad is beperk tot suide deur oseaan (2)		
		Uitbreiding beperk tot ooste deur rivier (2)		
		Moontlike uitbreiding na weste/noorde sal daartoe lei dat boerdery-aktiwiteite stopgesit word (2)		



		Verlies aan inkomste van boerdery (2)		
		Vernietiging van natuurlike hulpbron/grond (2)		
		Meer druk op rivier in terme van besoedeling (2)		
		Meer oop ruimtes in stad sal vir bouprojekte gebruik word (2)		
		Groengordels onder bedreiging (2)		
		Verdere toename in bebouingsdigtheid (2)		
		Verminderde toeganklikheid (2)		
		Toenemende besoedeling (2)		
		Styging in grondwaarde (2)		
		'n Uitgedateerde straatpatroon (2)		
		Meer verkeersopeenhoping (2)		
		<b>[Enige SES. Aanvaar ander moontlike antwoorde]</b>	(6 x 2)	(12)
3.4	3.4.1	Landelik-stedelike migrasie (2)	(1 x 2)	(2)
	3.4.2	Meer werksgeleenthede (2)		
		Hoër salarisse en lone (2)		
		Meer permanente werke (2)		
		Groter geleentheid vir bevordering (2)		
		Beter sosiale geriewe (2)		
		Beter opvoedkundige fasiliteite (2)		
		Beter behuising (2)		
		Beskikbaarheid van skoon en suiwer water (2)		
		Doeltreffende vervoerstelsel (2)		
		Gesondheids- en mediese dienste is geredelik beskikbaar (2)		
		Gebrek aan sekuriteit op plase (2)		
		[Enige DRIE]	(1 x 2)	(2)
	3.4.3	Gebrek aan behuising (2)		
		Groei van informele nedersettings (2)		
		Toename in vlakke van misdaad (2)		
		Ongeskoolde mense kan nie werk kry nie (2)		
		Verkeersopeenhoping en besoedeling neem toe (2)		
		Onvoldoende dienste om tred te hou met groot bevolking (2)		
		Afvalbestuur word onbeheerbaar (2)		
		Higiëne is 'n probleem in informele nedersettings (2)		
		Gebrek aan gesuiwerde water en rioleringfasiliteite in informele nedersettings (2)		
		Waardes, tradisies en gebruike gaan verlore soos mense gewoon raak aan stadslewe (2)		
		Oorbevolking en gebrek aan skuiling lei tot versnelde verspreiding van siektes soos TB (2)		
		[Enige DRIE]	(3 x 2)	(6)
	3.4.4	Stygende mediese kostes en verminderde vermoë om te werk (2)		
		Ten einde daaglikse uitgawes te dek moet familie vee en ander besittings, grond ingesluit, verkoop (2)		
		Ander lede van die familie bestee meer tyd aan versorging van Vigs-pasiënt en bestee minder tyd aan boerdery (2)		
		Kinderarbeid neem toe waar kinders uit die skool gehaal word (2)		
		Lei tot tekort aan voedsel en armoede as gevolg van verminderde familie-inkomste(2)		

Die familie word sosiaal uitgesluit as gevolg van die stigma wat aan MIV/Vigs geheg word (2)  
 Sterfte van vroue as versorgers het 'n geweldige impak (2)  
 Huishoudings waar kinders aan die hoof staan (2)  
 MIV/Vigs pasiënte kan nie voldoen aan die eise van arbeidsintensiewe bestaansboerdery nie (2)  
 Huishoudings beperk hul verbouing van gewasse tot landerye naby plaasopstalle sodat hulle kan omsien na die siekes (2)  
 Verafgeleë landerye word nie gebruik nie en dit verminder effektief die gebied onder bewerking (2)  
 Sterfte van jong volwassenes sal lei tot groter proporsie oumense en jong kinders in landelike gebiede (2)  
 [Enige TWEE] (2 x 2) (4)

- 3.5 3.5.1 Aktiwiteit gemoeid met die onttrekking van grondstowwe vanuit die natuurlike omgewing (2)  
 [Konsep] (1 x 2) (2)
- 3.5.2 Primêre aktiwiteite voorsien grondstowwe aan sekondêre aktiwiteite (2)  
 Sekondêre aktiwiteite prosesseer die grondstof (2)  
 [Enige EEN] (1 x 2) (2)
- 3.5.3 A Y (2) (1 x 2) (2)  
 B X (2) (1 x 2) (2)
- 3.5.4 Hoë persentasie primêre aktiwiteite (2)  
 Laer persentasie sekondêre en tersiêre (goedere en dienste) (2)  
 Minder vervaardigde goedere om te verkoop/uitvoer (2)  
 Minder bydrae tot BBP (2)  
 [Enige EEN] (1 x 2) (2)
- 3.5.5 **PWV/GAUTENG**

1. **GRONDSTOWWE:**  
 Oorvloed grondstowwe (2)  
 Goud, ystererts en mielies (2)  
 Nader aan steenkoolaangedrewe kragstasies  
 Geproduseer in nabyheid van nywerhede (2)
2. **VERVOER:**  
 'n Digte netwerk van paaie en spoorlyne (2)  
 Baie lughawens (2)  
 Dit vergemaklik die verspreiding van die goedere wat vervaardig word (2)
3. **MARKTE:**  
 Digte bevolking (2)  
 Skep 'n groeiende vraag na 'n verskeidenheid goedere (2)  
 Verbind met alle hoofdorpe en stede (2)  
 Toegang tot oorsese markte deur hawens (2)

**DURBAN-PINETOWN****1. GRONDSTOWWE:**

'n Verskeidenheid hulpbronne (2)  
Suikerriet, suiwelprodukte, vleis en subtropiese vrugte word in hierdie gebied geproduseer (2)  
Naby die steenkoolaangedrewe kragstasies in KZN (2)

**2. VERVOER:**

Die voorkoms van die hawe (2)  
Vergemaklik die uitvoer van goedere (2)  
Goeie vervoerverbintenis met binneland (2)

**3. MARKTE:**

Digte bevolking (2)  
Groot vraag na vervaardigde goedere (2)  
Maklike toegang tot Asiatiese markte via die hawe (2)  
Toegang tot binnelandse markte (2)

**SUIDWES-KAAP****1. GRONDSTOWWE:**

Oorvloed aanbod van sagte vrugte, duiwe en vis (2)  
Baie voedselverwerkingsnywerhede is hier gevestig (2)  
Min toegang tot steenkool en kragstasies (2)

**2. VERVOER:**

Tafelberg vergemaklik 'n uitstekende toegang vir oseaniese handel (2)  
Die digte spoornetwerk voorsien 'n deurslaggewende skakel met die binneland (2)

**3. MARKTE**

Digte bevolking (2)  
Daar is 'n groot mark met groot koopkrag (2)  
Baie afhanklike dorpe rondom Kaapstad (2)  
Die kusligging begunstig toegang tot 'n groot Europese mark (2)  
Toegang tot binnelandse markte (2)

**PORT ELIZABETH-UITENHAGE****1. GRONDSTOWWE:**

Oorvloed grondstowwe (2)  
Wol, subtropiese vrugte en katoen is geredelik beskikbaar (2)  
Min toegang tot steenkool en kragstasies (2)

**2. VERVOER**

'n Uitstekende vervoerstelsel (2)  
Grondstowwe kan maklik hierheen vervoer word vir prosessering (2)  
Hawe verbindings met oorsese markte (2)  
Verbind hierdie streek met die binneland (2)

**3. MARKTE:**

Voorkoms van hawe verbindings met oorsese markte (2)

Vergemaklik invoer van grondstowwe en die uitvoer van goedere (2)

Toegang tot binnelandse markte (2)

**[Enige SES. Kandidate moet verwys na Grondstowwe, Vervoer en Markte slegs in EEN nywerheidsgebied]**

(6 x 2) (12)

3.6	3.6.1	Die omgewing is op 'n manier misbruik of onregverdig behandel (2) [Konsep]	(1 x 2)	(2)
	3.6.2	Kernafvalstorting in grondwater en oseaan (2) Ekologiese vernietiging (2) [Enige EEN]	(1 x 2)	(2)
	3.6.3	Nee (2) Besoedeling van die oseane veroorsaak ook skade aan omgewing en die mens (2)	(2 x 2)	(4)
	3.6.4	Reënval is laag en onbetroubaar (2) Reënval is hoogs wisselvallig (2) Daar is slegs 'n paar natuurlike mere (2) Meeste riviere is nie-standhoudend (2) Baie riviere is toegeslik as gevolg van gronderosie wat dit daarom vlak maak (2) Verdampingstempo's is hoog omdat die klimaat warm en droog is (2) Daar is min diep valleie en klowe, daarom is die damme wat gebou word vlak met groter oppervlakgebiede wat verdamping bevorder (2) [Enige TWEE]	(2 x 2)	(4)
	3.6.5	Volgehoue ekonomiese groei van die streek (2) Voorsien skoon water aan Gauteng (2) Gebruik vir opwekking van hidro-elektrisiteit (2) Voorsien water vir nywerheidsgebruik (2) Voorsien water vir munisipale gebruik (2) Voorsien water vir landbou gebruik (2) Ondersteun ontspanningsfasiliteite soos ski, bootreis en kampering (2) Bevorder toerisme (2) [Enige DRIE]	(3 x 2)	(6) <b>[100]</b>

**VRAAG 4**

4.1	4.1.1	E (2)		
	4.1.2	B (2)		
	4.1.3	C (2)		
	4.1.4	D (2)		
	4.1.5	A (2)	(5 x 2)	(10)
4.2	4.2.1	D (2)		
	4.2.2	C (2)		
	4.2.3	B (2)		
	4.2.4	A (2)		
	4.2.5	D (2)	(5 x 2)	(10)
4.3	4.3.1	Konsentriese (aanvaar sektor model) (2)	(1 x 2)	(2)
	4.3.2	(a) SSK (2)		
		(b) Sentrale ligging (2)		
		(c) Fisiese hindernisse maak dit moeilik om sirkelvorm aan te neem (2)	(1 x 2)	(2)
	4.3.3	Gebrek aan behuising (2) Mense wil naby die werk bly (2) Duur vervoer (2) Armoede (2) Werkloosheid (2) Oorbevolking (2) [Enige TWEE]	(2 x 2)	(4)
4.3.4		Strukture opgerig nie volgens munisipale regulasies (2) Onooglik (2) Onhigiëniese toestande (2) Besoedeling (2) Misdaad (2) Sosiale euwels (2) Gebrek aan basiese fasiliteite (2) Geen oop ruimtes (2) [Enige TWEE]	(2 x 2)	(4)
	4.3.5	Informele nedersettings aan buitewyke (2)	(1 x 2)	(2)
4.4	4.4.1	Die persentasie van die totale bevolking van 'n streek of land wat in stedelike gebiede eerder as landelike gebiede woon (2) [Konsep]	(2 x 2)	(4)

- 4.4.2 Ontwikkelende Lande (2)  
Steeds groot persentasie mense in landelike gebiede wat na stede beweeg (2) (2 x 2) (4)
- 4.4.3 Landelik-stedelike migrasie (2)  
Natuurlike bevolkingsgroei (2)  
Immigrante en vlugteling vanuit ander lande (2)  
[Enige TWEE] (2 x 2) (4)
- 4.4.4 **DEFINISIE VAN GROENGORDEL**  
Buffersone/groot oop ruimte met tuine (2)  
**VOORDELE OM GROENGORDELS IN STEDE TE VESTIG:**  
Verminder vlak van geraas (2)  
Dra by tot estetiese waarde (2)  
Fotosintese moontlik (2)  
Stel suurstof vry (2)  
Meer skoon lug (2)  
Gebruik koolstofdioksied (2)  
Help dus met vermindering in besoedelingsvlakke (2)  
Skep ontspanningsgebiede (2)  
Beskerm wildlewe in stede (2)  
**[Enige SES. Kandidate moet verwys na beide Definisie en Voordele]** (6 x 2) (12)
- 4.5 4.5.1 Kom voor wanneer voldoende voedsel geproduseer word om in die behoeftes van die mense te voorsien (2)  
[Konsep] (1 x 2) (2)
- 4.5.2 Beperk produksie (2)  
Meer bestaansboerdery (2)  
Gewoonlik geen surplus produksie (2)  
Grond oorbewerk 2)  
Verhoog grond onvrugbaarheid (2)  
[Enige TWEE] (2 x 2) (4)
- 4.5.3 **DROOGTE:**  
Gebrek aan reën vir lang rukke brand gewasse en veroorsaak dat hulle doodgaan (2)  
Weiveld vir vee word verminder (2)  
Oorbeweiding lei tot die verspreiding van woestyntoestande (2)  
**VLOEDE:**  
Vrugbare bogrond word weggespoel (2)  
Voedselproduksie neem dus af (2)  
Voedsel moet teen hoë pryse ingevoer word (2)  
Veeboere ly swaar verliese wanneer waardevolle weivelde vernietig word (2)  
Tekort aan vee veroorsaak dat voedselpryse styg (2)  
**GROND ONVRUGBAARHEID:**  
Grond is dun en onvrugbaar in meeste streke (2)  
Swak boerderypraktyke soos monokultuur en aanplant van gewasse in grensgebiede (2)  
Vernietig groot lappe waardevolle boerderygrond (2)  
**[Enige TWEE. MOET na TWEE aspekte verwys]** (2 x 2) (4)

#### 4.5.4 **VOORDELE OM GENETIES GEMODIFISEERDE GEWASSE TE GEBRUIK**

- Hulle het groter pesweerstand (2)
- Hulle is meer bestand teen siektes (2)
- Hulle het groter onkruidmiddel toleransie (2)
- Hulle het 'n hoë vlak van koue toleransie (2)
- Hulle is bestand teen droogte (2)
- Hulle het 'n hoë voedingswaarde (2)
- Hulle het 'n langer opbergingsleeftyd (2)
- Meer voedsel kan per hektaar geproduseer word (2)

#### **NADELE OM GENETIES GEMODIFISEERDE GEWASSE TE GEBRUIK**

GG sade is ontwikkel deur 'n paar multinasionale maatskappye wat die monopolie daarvoor het (2)

Die langtermyngevolge van genetiese modifisering op die mens se gesondheid is onbekend (2)

Nuwe sade moet elke jaar geplant word en dit is duur (2)

Die gevolge op die omgewing, bv. voedselkettings, is onbekend (2)

**[Enige SES. Kandidate mag verwys na of Voordele of Nadele. Indien hulle na albei verwys, aanvaar]** (6 x 2) (12)

- |     |       |   |         |     |
|-----|-------|---|---------|-----|
| 4.6 | 4.6.1 | Informele handel (2)  | (1 x 2) | (2) |
|     | 4.6.2 | <p>Die bydrae van hierdie ekonomiese sektor tot die ekonomie van 'n land word gewoonlik nie in 'amptelike syfers' getoon nie (2)</p> <p>Die besighede is nie geregistreer nie, daarom betaal hulle nie belasting nie (2)</p> <p>Werknemers het nie voordele nie (2)</p>   | (2 x 2) | (4) |
|     | 4.6.3 | <p>Handelaars word gereeld geteister deur plaaslike owerhede omdat informele sektor aktiwiteite as onwettig gesien word (2)</p> <p>Informele handelaars kan kompetisie ervaar (2)</p> <p><b>[Enige EEN]</b></p>   | (1 x 2) | (2) |
|     | 4.6.4 | <p>Stel lisensie vereistes in om hierdie sektor te reguleer (2)</p> <p>Allokeer spesifieke gebiede naby stasies, busteterminusse en taxi-staanplekke (2)</p> <p>Vennootskappe tussen die privaatsektor en informele handelaars (2)</p> <p>Voorsien permanente strukture soos smous stalletjies en rytuie in gebiede wat vir informele handel gesoneer is (2)</p> <p>Klein besighede kan 'n aktiewe rol speel in die voorsiening van opleiding en opskerpings van vaardighede deur leerlingskapprogramme (2)</p> <p>Voorsien makliker toegang tot banklenings (2)</p> <p>Voorsien opbergingsfasiliteite (2)</p> <p><b>[Enige TWEE]</b></p> | (2 x 2) | (4) |

4.6.5	Nie genoeg werk in formele sektor (2) 'n Insinking in die ekonomie wat grootskaalse werksverliese veroorsaak het (2) Meganisasie van boerdery-operasies (2) Verhoogde frekwensie van klimaatgefare (2) Baie grootskaalbesighede subkontrakteer aan die informele sektor (2) [Enige EEN]	(1 x 2)	(2)
4.6.6	Voorsien 'n bron van inkomste vir diegene wat nie 'n werk in die formele sektor kan bekom nie (2) Verminder misdaad deur werk te skep (2) Goedere kan teen 'n laer prys gekoop word (2) [Enige TWEE]	(2 x 2)	(4) <b>[100]</b>
<b>GROOTTOTAAL:</b>			<b>300</b>